basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: Ongeveer 50 minute
   AFDELING B: Ongeveer 25 minute
   AFDELING C: Ongeveer 45 minute

3. Lees ALLE instruksies versigtig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

6. Trek ’n streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# Stilte, skoonheid – en verset

1 *'n Mens kan net só lank in die veld sit voordat jy 'n grashalmpie begin vou. Soms word die graspol iets anders; soms word dit iets moois. En soms word dit 'n platform vir protes. Danie Marais het gesels met die landkunstenaar, Strijdom van der Merwe, wie se jongste uitstalling na hidrouliese breking ("fracking") in die Karoo kyk.*

2 "Ek is nie 'n boer nie, maar ek is so lief vir die aarde," het die digter Rolf Dieter Brinkmann geskryf – woorde wat ook van die internasionaal gerekende Stellenbosse landkunstenaar[1] Strijdom van der Merwe kon kom.

3 "Iemand het my eenkeer gevra hoe ek 'n kunstenaar geword het," sê Strijdom, "toe besef ek dis omdat dit moontlik was. Ek is die jongste van vier broers wat op 'n plaas grootgeword het. Die oudste broer het die plaas oorgeneem en die tweede een het 'n dominee geword. So, toe was my ouers tevrede en ek word 'n kunstenaar."

4 "Ek het jare as grafiese kunstenaar en dosent gewerk, maar daardie Sondagaand-blues was vir my verskriklik en nou het ek dit nie meer nie. Hoekom nie? Ek is opgewonde om te kan aanhou doen wat ek doen. Terwyl ek met een projek besig is, kan ek nie wag om met die volgende een te begin nie. Elke dag bied 'n nuwe, stimulerende uitdaging."

5 Sy mees onlangse projek, 'n groot installasie[2] wat gemoeid is met die oliereus Shell se beplande ontginning van skaliegas (hidrouliese breking, in die Karoo), word tans in die Circa on Jellicoe galery ten toon gestel. Die uitstalling, *Drawing Clouds* in the Karoo, sluit agt foto's in van nuwe werk wat spesiaal vir die uitstalling gemaak is en 'n vertrek met dokumentasie van vroeër werke.

6 "Dis vir my vreesaanjaend om te dink hierdie storie kan werklik gebeur – hulle (Shell en ander oliemaatskappye) beplan hidrouliese breking oor 'n gebied van 400 000 $km^2$. Mark Read (die eienaar van *Circa on Jellicoe*) was verlede jaar die voorsitter van die Wêreldnatuurfonds en hy het dadelik gevoel, oukei, ons kan iets doen om 'n bietjie protes aan te teken."

7 Hidrouliese breking is 'n proses waarmee petroleumryke aardgas ontgin word. Deur water en chemikalieë, waarvan sommige giftig is, onder groot druk onder die aarde in te spuit, word frakture in rotslae wyer gemaak om aardgas vry te stel. Drukgroepe vrees dié proses sal die Karoo se ekostelsel, natuurskoon en landboupotensiaal vernietig.

8 Hoewel dié saak Strijdom duidelik na aan die hart lê, klink hy nie soos ’n fanatiese aktivis wanneer hy daaroor praat nie.

9 “Ek voel altyd jy gee maar jou kantjie en jy probeer jou bes en *dat’s it*. (Hy sê elke nou en dan gelate *dat’s it* – waarskynlik ’n onbewuste beklemtoning van die kunstenaar se essensiële magteloosheid.) ’n Storie het twee kante, maar daar’s ’n wonderlike dokkie, *Gasland*, wat handel oor hidrouliese breking in Amerika. Daarin kan jy sien wat dit aan die omgewing doen en dis absoluut verskriklik. Waarop dit neerkom, is as hidrouliese breking toegelaat word, gaan die boer nie meer sy grond verkoop kry nie, want enige potensiële koper gaan weet wat die uitwerking op die grond sal wees.”

10 “Volgens *Gasland* vat dit iets soos 1 000 groot vragmotorvragte om een hidrouliese breking-boorgat te vestig, maar die skrikwekkendste gevolg is die vergiftiging van die grondwater. In die dokkie draai ouens die krane in hul huise oop en steek die water aan die brand. Die water wat hulle voorheen gedrink het, het plofbaar geword as gevolg van al die gas daarin.”

11 *Gasland* herinner jou ook wrang aan die oliemagnaat, John Paul Getty, se woorde: “Die sagmoediges sal die aarde beërwe, maar nie die mineraalregte nie.”

12 Sê Strijdom: “Omdat ondergrondse minerale in ons land aan die staat behoort, het hulle die reg om so ’n *fracking*-stasie op te sit net waar hulle wil. As hulle nou besluit dit moet 20 meter van die agterdeur op jou ou familie-plaas wees, kan hulle dit doen.”

13 “Ek was al by twee lesings van Jonathan Deal, die ou wat die protesveldtog namens die boere teen die regering lei. Hy sê as dit ’n kwessie was dat ons voordeel vir die volgende 50 jaar daaruit sou kry, kon jy dit in ’n mate verstaan, maar volgens die navorsing is hidrouliese breking in die Karoo net volhoubaar vir nege jaar en dan sit jy met ’n dooie stuk aarde.”

14 “Ek beskou myself steeds nie as ’n proteskunstenaar nie. Dis nie my stem nie. Ek’s eintlik maar ’n landkunstenaar, ’n mooimaker van die natuur, ’n soort versterker van die landskap se skoonheid wat eerder implisiet goed soos bewaring, aardverwarming en woestynifikasie aanspreek.” By Strijdom van der Merwe gaan dit, in sy proteskuns, om skoonheid wat jou tot stilstand dwing; skoonheid wat aanhou gebeur en wat, net soos die voortdurende, stelselmatige vernietiging van die omgewing, die verstand te bowe gaan.

[1] ’n Kunstenaar wat sy kunswerke ook in die natuur oprig

[2] Die oprigting van enige voorwerp wat as kuns ook buite uitgestal kan word

[Aangepas uit *Die Burger, 27 April 2012]*

1.1 Wie is die kunstenaar wat protes teen hidrouliese breking in die Karoo aanteken? (1)

1.2 Watter ooreenkoms bestaan daar tussen ’n boer en Strijdom van der Merwe? (1)

1.3 Watter verwagting het Strijdom se ouers ten opsigte van hul kinders gekoester? (2)

1.4 Watter emosie het Strijdom se vorige beroepe uitgelok? Gee TWEE redes vir dié emosie. (3)

1.5 Herlees paragraaf 5.

1.5.1 Op watter wyse, anders as installasies, stal Strijdom sy werk uit? Motiveer in TWEE sinne waarom hierdie werkswyse geslaagd vir Strijdom se kuns is. (3)

1.5.2 Dink jy ’n kunstenaar het die reg om sosiale kommentaar te lewer? Motiveer jou antwoord aan die hand van TWEE redes. (2)

1.6 Motiveer uit die teks dat Mark Read gekant is teen hidrouliese breking in die Karoo. (1)

1.7 Strijdom van der Merwe is ’n aktivis.

Is dié stelling ’n FEIT of ’n MENING? Motiveer jou antwoord deur na paragraaf 5 en 6 te verwys. (2)

1.8 Sê wat *hidrouliese breking* is en spesifiseer TWEE invloede wat dit op die Karoo kan hê. (3)

1.9 In paragraaf 9 word na die nadele van hidrouliese breking verwys. Noem TWEE voordele wat hidrouliese breking vir die Karoo kan inhou. (2)

1.10 Op watter wyse veroorsaak hidrouliese breking die vergiftiging van drinkwater? (1)


1.11 Waarom kan John Paul Getty nie as een van die *sagmoediges* beskou word nie? (1)

1.12 Wat is Jonathan Deal se beswaar teen hidrouliese breking in die Karoo? (1)

1.13 Noem TWEE doelwitte wat Strijdom van der Merwe met die uitbeelding van skoonheid in sy proteskuns wil bereik. (2)

**EN**

**TEKS B: UITNODIGING**




[Aangepas uit http://landartsouthafrica.blogspot.com]

1.14 Op watter wyse sluit die teks op die uitnodiging by die Karoo aan? (1)

1.15 Soos wat lyk die skets op die uitnodiging vir jou? (1)

1.16 Hou jy van dié kunswerk? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.17 Watter EEN woord in die opskrif van TEKS A sluit by TEKS B aan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van SEWE **dinge wat ’n volwassene kan doen om weer kind te wees**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in SEWE volsinne) puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

# NATUURLIK KAN EK NOG SPEEL!

KLEINTYD HET EK URE OMGESPEEL – DIS MOS MAKLIK, OF NIE?

Ek is saam met ’n kinderberader na ’n laerskool in Johannesburg waar sy spelterapie toepas op kinders wat gedrags- of emosionele probleme ervaar. So speel-speel in die sandbak verklap hulle onderbewussyn dan hoe dit met hulle gaan.

Toe wonder ek: Wanneer laas het ek gespeel? Kan ek nog? En hoe gaan dit met die kind binne my? Ons almal het ’n kind binne ons, ’n lewendige, vrolike, partykeer hartseer, klein bondeltjie wat stoei om uit te kom. Sy stuur heeltyd tekens dat sy wil uitkom! Dis nogal ironies, maar sodra ek soos ’n rebelse kind begin optree, weet ek die kind binne my soek lug! Ek het deesdae so die behoefte om te dans! Net op ’n sorgvrye los manier my lyf te swaai op Queen se “I want to break freeeeeee!”

Om te kon begin speel, moes ek eers my binnekind ’n naam gee. Ek het ook ’n kiekie van my as klein kindjie gaan uithaal, nogal een waarvan ek nie so baie hou nie, want dis juis daai kindjie wat nou my aandag nodig het. Toe zoem ek in op my sintuie.

Onthou jy die reuk van toffieappel en gekookte kondensmelk, en die tekstuur van spookasem? My gunsteling was Niknaks en Sherbet. Jou reuksintuig is jou mees primitiewe sintuig, en dit bring onmiddellik al die ou lekkertes terug – gaan koop weer die lekkernye!

Onthou jy nog jou kinderliedjies? Ek het *The Sound of Music* se treffers kliphard gesing! "Do re me, do re me ... " Toe, sing saam!

’n Mens moet nooit ophou met speel nie. Vergeet van jou werk sodat jy vir jouself tyd het. Dit is ’n manier om in kontak te kom met die kindjie in jou binneste. Al ooit gewonder hoekom plastiese sjirurgie, *Botox* en laser sulke florerende bedrywe is? Dit is omdat ons nie meer speel nie. Ons het te veel kwellings, want ons speel te min.

Hou op kwel, en loop haal daai lappop of elektriese trein bo uit die kas uit.

[Aangepas uit *Finesse,* April 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**


**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# Afrikaans is nie vir sissies nie.

Afrikaans is ’n mondvol. Vir vreemdelinge en uitgewekenes moeilik op die tong en hard op die oor. Rof, grof en onbeskof. Maar vir ons is dit pure (3.3) (musiek) klanke. Dié dat ons graag Afrikaans ondersteun met borgskappe vir dramakompetisies, radiodramakompetisies en romankompetisies. Sanlam vra: “Is jy dapper genoeg? Dán is Afrikaans die één taal wat die vermoë het om jou siel te ontbloot met lieflike, kragtige woorde.”

Ons dink vooruit. En jy?




[Aangepas uit *Taalgenoot,* September 2012]

3.1 Die sin in die opskrif staan in die teenwoordige tyd. Skryf die sin in die toekomende tyd. (1)

3.2 Gee die betekenis van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.3 Skryf net die basis/stam van *vreemdelinge* neer. (1)

3.4 Lei die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 3 af. (1)

3.5 Gee die intensiewe/versterkte vorm van *graag* in reël 3. (1)

3.6 Herskryf die onderstreepte woorde in reël 4–5 sodat die woord *kompetisies* slegs EEN keer gebruik word. (1)

3.7 Lei die korrekte vorm van die woord tussen hakies af:

Die (skrik) vrou het haar tong oor die rasper getrek. (1)

3.8 Skryf Sanlam se vraag in reël 5–6 oor in die indirekte rede. (1)

3.9 Beoordeel die volgende stelling krities en skryf jou gemotiveerde gevolgtrekking neer:

Die advertensie getuig van swak smaak en is daarom onvanpas. (2)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: STROKIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Raampie 1**




My naam is Jakobus Johannes van Alleman. Ek is ’n twaalfjarige Afrikaner, woonagtig in die Moot, Pretoria, Suid-Afrika, die aarde in die een-en-twintigste eeu. Die moderne grootmens is vir kinders van my generasie ’n raaisel. Ek het ’n toespraak in Lewensoriëntering daaroor gemaak, toe sê Juffrou Buitendach ek is te groot vir my skoene.
Die grootmense in raampie 2 tot 9 is deel van my lewe.

**Raampie 2**

Pa: My pa is ’n Rekeningkunde-onderwyser van beroep en ’n visehoof vanweë sy buitengewone deursettingsvermoë. Hy wil eintlik ’n Clivia-kweker wees. Toe Triegie in die kleuterskool was, het sy vir die juffrou gesê haar pa gooi blomme nat vir ’n lewe.



**Raampie 3**

Ma: My ma was altyd ’n tipiese huisvrou, maar nou is sy ook ’n tuisteskepper. Sy doen blommerangskikking-, bauernmalerei- en pottebakkersklasse om haar daarmee te help. Sy maak ook matriekafskeidrokke in seisoen vir ’n ekstratjie.



**Raampie 4**




Hester: Hester is al ’n grootmens, maar sy is ook my sussie, so sy tel nie eintlik nie. My ma en Hester kom nie goed oor die weg nie. Ma het iets verkeerds gedoen met haar opvoeding, dink ek, want ek het haar al so vir my pa hoor sê as hulle oor haar praat. Gewoonlik is my ma dan huilerig.

**Raampie 5**



Oom Arno: Hy is my pa se jongste broer. Hy hou nie daarvan as ’n mens vir hom sê “oom” nie. Hy sê ’n mens moet in elk geval grootmense wat nie van jou familie is nie, “meneer” of “juffrou” noem, al is hulle nie onderwysers nie. Oom Arno is ’n letterkundeprofessor by die universiteit, en hy is ’n intellektualis, daarom is hy nie getroud nie. Maar hy het baie vriendinnetjies.

**Raampie 6**




Tannie Rita en oom Johans: Tannie Rita is my pa se suster. Sy is baie vernaam, want sy bly in Waterkloofrif en sy doen tai chi. Ma sê dis dieselfde as pilates, maar vir vroue wat nie graag sweet nie. Oom Johans is in die motorindustrie, volgens tannie Rita. Volgens my pa is hy ’n tyresmous.

**Raampie 7**




My ma se ouers woon op Baberspan. Oupa Herklaas is gaaf, en het altyd ’n suiglekkertjie iewers in sy broeksak. Ouma Poppie is ’n klein bietjie skrikwekkend.

**Raampie 8**



My gunsteling is my ouma, ouma Martie Pansegrou. Sy verstaan alles: vir Hester en vir Triegie en selfs vir Luané. Ouma Martie sê altyd presies wat sy bedoel. En sy praat altyd die waarheid, wat beteken sy byt dikwels op haar tong as sy met grootmense te doen het. <u>Grootmense</u> hou nie veel van die waarheid nie. Veral nie as snipperige kinders dit praat nie. “Uit die mond van die suigeling,” sê Ouma dan altyd.

**Raampie 9**



Maar ek weet nie of ouma Martie tel as ’n grootmens nie. Sy is al by grootmenswees verby.

[Aangepas uit *Vrouekeur*, 25 November 2011]

4.1 Wat impliseer die twaalfjarige seun van grootmense in raampie 1 as hy sê dat hulle ’n raaisel is? (1)

4.2 Identifiseer die hoofletterfout in raampie 1 en skryf die woord korrek oor. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.3 Watter konnotasie word aan *ek is te groot vir my skoene* in raampie 1 geheg? (1)

4.4 Gebruik die woord *beroep* in raampie 2 as 'n werkwoord in 'n sin. (1)

4.5 Skryf die onderstreepte sin in raampie 2 in die ontkennende vorm. (1)

4.6 Watter woord in raampie 3 is 'n voorbeeld van stereotipering? (1)

4.7 Sou jy die woord *tuisteskepper* in raampie 3 as 'n geslaagde sinoniem vir huisvrou beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 In raampie 5 kom 'n veralgemening ten opsigte van oom Arno voor. Is dit 'n regverdige veralgemening? Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Wat is oom Johans se beroep? Skryf dit in suiwer Afrikaans. (Raampie 6) (1)

4.10 Gebruik die onderstreepte woord in raampie 8 as TWEE woorde in 'n verklarende sin. (1)
**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: RUBRIEK**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## Woorde wat wip: Kermisbed ontwaak kleinkindherinneringe

Herman Lategan

1 Vakansietyd is om die draai en wie onthou kleintyd, kinders op 'n kermisbed (5.1) ─ 'n kermiskooi in Namakwaland se geweste ─ (5.2) (in die nag) buite naby die (5.3) (knetter) vleisbraaivuur?

2 Al die kleingoed, moeg gespeel in die dag se son, lê saam op Ouma en Oupa se kooigoed: bont hekelkomberse en donsmatrasse saam geskuiwe. Die kinders is vaak, maar wil niks mis nie.

3 ***ker'misbed*** ***s.nw.*** *Bed wat vir een of meer persone op die vloer van 'n vertrek gemaak word (soos vir 'n kermisgas) wanneer geeneen van die gewone beddens meer beskikbaar is nie; kermiskooi (weinig gebruiklik): Hoe menige keer moes die huismense op kermisbeddens slaap om "vrinnemense" te kan huisves (CGS de Villiers). Ná 'n reusemaaltyd word ons kermisbeddens, digby die vuurherd, op die klipvloer opgemaak (Eugène Marais). Om te sien of die kinders almal goed toegedek is daar op hul kermisbed (PG Visser).*
*– WAT, Hoofred. FJ Snijman.*

4 Ma's en pa's praat land en sand grootmensstories langs die vlamme, maar klein muisies het groot ore en Klaas Vakie kan maar wegbly, want dis lekker om op die groot, gelukkige bed soos luistervinke onder die sterrehemel te lê en ginnegaap.

5 Vuurvliegies en motte vlieg fluister-fluister óór en verby moeë kinderkoppies. Die warm nag ruik na ghnarrabos, klam grond en skoon lug. Dalk skuil daar ook iewers ’n bewoë rooipensskilpad vol ou dae se stories.

6 Ai, hoe veilig voel die kinders daar op die veldbed tussen die gousblomme en ’n ruimteskippie vol slapende lyfies ... al wiegend oor die oop veld, al wiegend pietsnotjies, toegedraai in koffiekanliefde en die drywende nagstemme van hul ouers. Kyk, Klaas Vakie het sy sand kom strooi en skielik is die kermisbed ’n ruimteskippie vol slapende lyfies ... al wiegend oor die oop veld, al wiegend.

7 Aitsa, dat so ’n ou kermiskooi soveel verlange by ’n mens kan oproep. Dis om van skaam-skaam jou kop na die donker te draai en te huil.

[Aangepas uit *Rapport*, 10 Desember 2011]

5.1 Die gebruik van aandagstrepe by die parentese in paragraaf 1 is funksioneel. Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

5.2 Gee EEN woord vir die omskrywing tussen hakies in paragraaf 1. (1)

5.3 Skryf die korrekte vorm van die woord *knetter* in paragraaf 1 neer. (1)

5.4 Skryf slegs die lettergreep in die vetgedrukte woord in paragraaf 3 neer wat die hoofklem dra. (1)

5.5 Die meervoud van *kermisgas* in paragraaf 3 is *kermisgaste*.

Gebruik die ander meervoudsvorm van *gas* in ’n verduidelikende sin. (1)

5.6 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die aktief/bedrywende vorm. (1)

5.7 Skryf die onderstreepte afkorting in paragraaf 3 voluit in woorde. (1)

5.8 Hoekom pas die onderstreepte idioom in paragraaf 4 in hierdie konteks? (1)

5.9 Identifiseer die woord uit paragraaf 5 wat aan Nama (Afrikataal) ontleen is. (1)

5.10 Brei die onderwerp in die onderstreepte sin in paragraaf 7 met ’n bysin uit. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou